

# SAW Damesvereniging se blymoedige hulp aan soldate

# V VROU

Deur It Lientjie Barnard

**D**EUR die identifisering van die vrou met die wel en wee van die mans in die SA Weermag is take aangepak en fondse bekom om vreugde te bring. Deur die jare was die Weermagdamesvereniging se koekies, pannekoek en simpatieke oor op militêre basisse die stille getuies van vrede en voo spoed.

Die geskiedenis van die SA Weermagdamesvereniging (WDV) is die verhaal van die eggenotes van soldate wat sedert die ontstaan van die Weermag in 1912, blymoedige hulp aan soldate verleen het. "Dit is aangenaam om saam die Weermag te dien" – die leuse van die WDV. Dit weerspieël positiewe gesindheid, algehele toewyding, lojaliteit, diensvaardigheid, opoffering en harde werk.

Om in 'n beperkte woordspasie te vertel van vroue wat skouer aan skouer met die manne geveg het teen oorlogsmoegheid, pessimisme, gebrek, is 'n onmoontlike taak. Dit is die verhaal van dames wat voorsiening gemaak het vir brood-en-botter benodigdhede; wat kindersale, kleuterskole, siekeboeë, studiebeurse, eie vakansieoorde vir Weermaggesinne, sorg vir oorloggestremdes, fondse, en vele meer, help vestig het. Om elke naam, elke onbaatsugtige daad te noem, is 'n onbegonne taak.

Die WDV staan onder leiding van 'n Nasionale Presidente – die eggenote van die Hoof van die SA Weermag. Die WDV bestaan uit verskillende damesverenigings. Elke vereniging het 'n eie hoofbestuur, en

die presidente is die eggenote van die Hoof van die betrokke Weermagsdeel. Elke hoofkwartier, ander formasies en eenhede word betrek by die werksaamhede van die WDV.

**D**IE WDV het soos volg ontstaan:

**1912-1933:** 6 Militêre Distrikte (Kommandemente) en 9 Brigades (Burgermageenhede) is onder die Unieverdedigingswet van 1912 gevorm. Die eggenotes van die soldate het deurentyd betrokke gebly by die aktiwiteite van hul mans en fisies omgesien na die welsyn van die soldate.

**1939-1946:** As gevolg van 'n oorweldigende reaksie ná die oproep van die Goewerment in 1939 om die Nazi-bedreiging teen te staan, was die kasernes oorvol, en rekrute kon nie eens uitgereik word met die allernodigste toerusting nie. Opleidingsomstandighede was baie swak, en net hier het die vroue begin om die swak omstandighede in kasernes en opleidingskampe te verbeter.

Om dit 'n georganiseerde hulpverlening te maak, is die "SA Gifts and Comforts Committee" in 1940 in Pretoria gestig. Van die eerste behoeftes wat aangevra is, was 80 000 pare handskoene, 80 000 muskietnette, en 80 000 sakkies!

Die dames het met entoesiasme gewerk. Geskenke is uitgestuur, gewondes is besoek, grensgebiede is besoek, vrouesoldate

het spesiale aandag gekry en geskenkpakkies is gestuur aan die SA Magte in Sicilië en Italië. In 1945, toe die oorlog sy laaste fase bereik het, is die vrygelate gevangenes verwelkom en nuttige geskenkpakkies is aan hulle oorhandig.

**H**OEWEL daar nie veel geskryf is oor die bedrywighede van die dames vanaf 1946 tot 1959 nie, het die eggenotes van offisiere wel gereelde byeenkomste gehou. Die Vlootdamesvereniging is in 1948 in Durban gestig. In 1954 het die Leërdames help geld insamel vir die tapisserie by die Voortrekkermonument, en ook vir die ATKV.

Die Lugmag se Eendragfonds is in 1955 gestig, en donasies is onder meer aan die Voortrekkerhoogtetak van die Vrouefederasie en die Noord-Transvaalse Kreupelsvereniging gemaak. In 1959 is die Vlootfonds gestig wat verantwoordelik was vir die welsyn van die SA Vloot.

1960-1972 is gekenmerk deur stabilisasie en konsolidasie. Die dames wou graag help, en nuwe hulpaksies om die soldate by te staan, is geïdentifiseer. Die eerste kape-laansvrouekonferensie is in 1969 gehou, waartydens metodes bespreek is om aan jong manne wat militêre diens doen 'n geestelike tuiste te bied.

In 1970, nadat die onderskeie damesverenigings nouer wou saamwerk, is die WDV gestig. Die hospitaalhuis (vandag Huis Me-

lita) is toegerus met bydraes van die damesverenigings. Donasies vir die Umdloti-Vakansieoord het ook voorkeur geniet. Gedurende 1971 kry ouerdae by opleidingsinrigtings gestalte.

In 1973 het die SAW grensverdediging in Suidwes-Afrika by die Polisie oorgeneem. Dit was van belang vir die aktiwiteite van die WDV. Die versorging van NDP's, veral beter fasiliteite, is 'n aspek wat in hierdie jare prominensie geniet.

In 1974 neem die dames se betrokkenheid in die Operasionele Gebied 'n aanvang. Die publiek is betrek by die versorging van die NDP's en hulle word ingelig oor die werking van die dienspligtstelsel.

Die aandag word in 1975 gevestig op Burgerlike Beskerming en veral tuisbeskerming. Die WDV begin om die Suiderkruisfonds te help met insamelingspogings. Bystand is ook verleen aan die Portugese vlugteling wat van Angola gekom het. Naaldwerk-groepe vir die Swart inwoners op die grensbasisse is gestig.

**O**PERASIE SAVANNAH was die begin van 'n oorlog met probleme soos gestremdes wat versorging nodig gehad het, die afsterwe van geliefdes, en manne wat dag en nag met die spel tussen lewe en dood gekonfronteer word.

In 1976 het mev. Bettie Robertson (eggenote van die destydse Bevelvoerder Kmdmt WP) 'n rehabilitasiesentrum vir gewonde soldate in Israel besoek. Vanuit haar entoesiasme en inisiatief is 'n groot bedrag geld ingesamel vir dieselfde doel vir die Suid-Afrikaanse soldate. Hierna is mev. Robertson genomineer as een van die kandidate van die Vrou van die Jaar-kompetisie van die koerant **Argus**.

Vanaf 1977 betree die oorlog 'n nuwe fase met terroriste wat ook die RSA bedreig. Aandag word gegee aan stedelike terreur en die hantering daarvan. In 1977 is die KMG-en die SAGD-damesvereniging gestig. 'n Hoogtepunt van die jaar was die sukses van die plaas "Soldateseun", wat verkoop is ter stywing van die Weermagfonds.

Katima Mulilo kry in 1977 sy tak van die WDV. Op hierdie afgeleë grensbasisse het die dames vermaak gereël. Danse is gereeld gehou, asook filmvertonings. Gassprekers is uitgenooi en gaste van die RSA is ontvang en huisvesting aangebied deur die WDV.

In 1978 is die eerste Leërdamesvereniging binne 2 Militêre Gebied amptelik gestig. Weer eens is die troepe gereeld bederf met lekkernye. By 'n geleentheid is vars koek met 'n helikopter na die buite-basisse geneem! 'n Spoggerige Militêre Bal – eerste in die geskiedenis van die Operasionele Gebied – is ook deur hulle gereël.

Die Leërdamesvereniging van Omega het die Boesmanvrou uit hul oeroue beskermde bestaanswyse gelei om die eise van die vrou in die twintigste eeu te hanteer. Dit is gedoen deur die stigting van die Boesmanvrou-Sentrum, die Leërdamesvereniging se breinkind. Hier kon die Boesmanvrou naaldwerk, vleg van matte, kosvoorbereiding, geld, godsdiens en vele meer leer.

Die Leërdamesvereniging op Buffalo, 32 Bn, het soortgelyke aksies geloods, en ook die dienspligtiges op die hande gedra. Hou die volgende uitgawe van PARATUS dop vir meer inligting oor die WDV! ☆

## BEWARING

# 'Skoonste Kaap' kry hupstoot

Deur Charl Hattingh

**L**EDE van die Kommandement Westelike Provinsie het op Kaapstad se Rivierdag sowat 1 500 vuilgoedsakke en bykans 15 vragmotorvrage rommel verwyder by Zorgvlietvlei in die nywerheidsgebied Paardeneiland.

Die doel van die dag was om omgewingsbewustheid by die publiek aan te moedig en om die gevolge van rommelstrooiing onder hul aandag te bring. Dit is gereël deur die organisasie Skoonste Kaap, die Kaapse stadsraad en 'n kettingwinkelgroep.

**Sowat 300 lede van die Weermag het gehelp om Zorgvlietvlei by Paardeneiland skoon te maak as deel van Rivierdag. Hier gooi o kpl Hennie Groenewald (voor, links) en wrn Karl Schwermstedt, altwee van die Kommandement Westelike Provinsie, rommel in 'n vullissak.**

Sowat 300 lede van die Leër, Lugmag en Geneeskundige Diens het aan die projek deelgeneem.

"Die vlei was ontsettend vuil," het maj Stoney Steenkamp, organiseerder van die Weermag se span, gesê. "Daar was rommel wat klaarblyklik al tien jaar daar gelê het. Ons het sowat 90 persent van die rommel verwyder."

Die rommel wat in die gebied opgegaan het, het 'n bedreiging ingehou vir onder meer die voëllewe. Sowat 90 voëlsoorte word in die vlei, wat sowat 1,8 km lank is, aangetref.

Maj Steenkamp het gesê die bereidwilligheid van die eenhede om deel te neem aan die projek was prysenswaardig. Op dié manier is die aandag van die publiek en die Weermag opnuut op omgewingsbewaring gevestig. ☆



# A crucial role in maintaining flight safety

**BY CRAIG THOMSON  
PHOTOS: ALEX DE VELASCO**

In most cases, there are three factors involved in flying accidents – the machine, the environment and man himself. The Institute of Aviation Medicine, in Verwoerdburg, is chiefly concerned with the last factor – man. With the maxim "prevention is better than cure" as their unofficial motto, they play a crucial role in maintaining flight safety.

From its somewhat humble beginnings in February, 1941, the Institute of Aviation Medicine has grown in terms of size, services rendered and reputation into a unit which does thousands of specialized medical examinations each year. It has also undergone a number of name changes culminating in its current one in 1979.

The relationship between air personnel and the Institute is one of long duration. Beginning on the day that a pilot obtains his licence and continuing until the day he can no longer fly, a pilot's health is closely monitored.

As regards the SA Air Force, this relationship begins at an even earlier stage. The Institute plays an integral and important role in the selection of pupil pilots. A pupil pilot is only selected when it has been ascertained that he is physically and mentally fit. As such, each prospective pilot undergoes a battery of tests ranging from a complete physical to EEG's and ECG's. Testing is carried out under strictly controlled conditions using state-of-the art equipment.

The Institute is divided into a number of specialist sections: The EAR, NOSE and THROAT SECTION also contains the Audiology Department. Physical examinations take place as well as specialist testing using advanced equipment such as the Audiology Department's Maica Hearing Instrument – one of only three such instruments in South Africa.

The ELECTROENCEPHALOGRAM SECTION makes use of routine EEG's for both diagnostic and clinical pur-



*Lt S.C. Putter, of the Audiology Department, at the Maica Hearing Instrument used to test aspirant pilots' hearing. Regular testing provides records which can be used to track any deterioration in hearing over periods of time.*

poses. An EEG is the recording of brain waves as a diagnostic procedure to detect problems such as epilepsy.

The LUNG FUNCTION SECTION makes use of the Pulmolab Lung Function Machine to detect and monitor all abnormalities in the pulmonary system.

The CARDIOVASCULAR SECTION's primary task is the examination and evaluation of the cardiovascular system. Normal and stress ECG's are performed on flight personnel. ECG's are used to detect heart disease or any serious abnormalities. Blood and urine samples are also taken for analysis.

In the OPHTHALMOLOGY SECTION comprehensive examinations are used to evaluate flight personnel's vision. Among the things tested are colour visual fields, dark adaptation etc.

There is also a DECOMPRESSION and RECOMPRESSION SECTION where pilots and parachutists can be placed in chambers and either subjected to reduced air pressure or low oxygen levels, simulating conditions at

1000m above sea level and higher. All of this is carefully monitored by trained medical personnel. These chambers can also be used to simulate diving conditions as well as for treating divers suffering from "the bends".

According to Capt T. van Rensburg of the Cardiology Department, the health standards required for a pilot to have a licence are more strict in the RSA than in, for example, Britain or Australia.

*Lt E. Deysel (right) uses the Field Analyzer machine to check pilot Capt F.B. Frayne's visual fields.*



This stringency applies to qualified pilots as well. Their health is carefully monitored throughout their careers. They are required to undergo health checks at regular intervals, the frequency of which is determined according to the pilot's age.

This monitoring includes not only SAAF flight personnel but also commercial and civilian aircrews as well. The Institute also monitors all private pilots' medical examinations as well as handling the medical records of all pilots operating in South Africa.

**F**REQUENT testing is important as it allows for a preventative approach to be followed. Any signs of disease or deterioration are carefully monitored. In these instances a pilot may be grounded according to the severity of the problem or the medication prescribed for the condition.

The Institute's staff are involved in a number of vital research projects involving aviation medicine. An example of this is the research being conducted by the Cardiovascular Section into the possible side-effects of drugs. It is important for flight personnel to consult aviation medical officers before making use of over-the-counter drugs, as many of these have side-effects which negatively influence flight safety. If it becomes necessary to prescribe drugs having dangerous side-effects, a pilot will be grounded for the duration of the treatment.


Another important service rendered by the Institute is the annual medical examination that is performed on senior officers and attaché personnel in the SADF.

The important role played by the Institute of Aviation Medicine, and its continuing success in world aviation circles, is undoubtedly due to its administrative and medical staff. They form a highly dedicated and qualified team performing continuous tests and research programmes on military and civilian air personnel to continue to ensure that the highest standards of flight safety are maintained. ★



**TOP: ▲**  
Pupil pilots are required to have an EEG performed on them as part of the selection process. An EEG is the recording of brainwaves as a diagnostic procedure to detect problems such as epilepsy.

**BELOW: ▼**  
A prospective pilot undergoing a stress ECG. ECG's are used to detect heart disease or any serious abnormalities. Capt T. van Rensburg (left) describes the testing and selection process done at the Institute of Aviation Medicine as of the best and most strict in the world.



## Transall word 'mondig'

**O**p 21 Augustus 1969 het die SA Lugmag amptelik die Transallvrag-vliegtuig in diens geneem. Vir die afgelope 21 jaar is dié groot metaalvoëls deel van die SA Lugmag se wenspan. 'n Spesiale herdenkingsdag word ter viering hiervan gereël en vind op 31 Augustus by 28 Eskader, Lugmagbasis Waterkloof, plaas. Alle lugbemanning en grondpersoneel wat die afgelope 21 jaar deel gehad het aan dié vliegtuie, is welkom om die herdenkingsdag by te woon. Belangstellendes moet Lt Ria Bothma by (012) 622 911 x 3334 voor 1 Augustus skakel. ★



# TROTS EN FIER

*Met waagmoed en durf het hulle  
toentertyd die stormagtige see deurkruis.  
Seilbote – groot en klein – met hul  
kosbare vragte Jamaikaanse Rum.*

*Vandag leef die gees voort in Squadron  
– 'n volronde, beproefde vermenging  
van net die keurigste Jamaikaanse  
en Suid-Afrikaanse Rum.*

*Ervaar die smaak van  
louer avontuur.*

# SQUADRON

*Verkwik die gees*



# VERTROU *Lewis* VIR SULKE BEKOSTIGBARE GEHALTE



**148<sup>80</sup>** x 24

DEPOSITO: 290,00  
KONTANT: 2399,95

### KENWOOD KS 2000 HOËTROUSTEL

- FM/MG – FM stereo • 12 voorkeuse stasies
- 2 x 30 watt per kanaal • Ingeboude 7-Band grafiese vereffenaar • Hoëspoed duplisering • Dolby NR
- Band-aangedrewe draaitafel • Laserskyf fasiliteit



### AUDIOSONIC AVENGER 2000

- FM/MG – FM stereo • 3-Band grafiese vereffenaar • Dubbele kasset met hoëspoed duplisering, deurlopende spel en sagte uitskietaksie • Kopfoon-sok
- Battery/Krag

**43<sup>40</sup>** x 24

DEPOSITO: 85,00  
KONTANT: 699,95


### TELEFUNKEN "THUNDERBIRD"

- FM/MG – FM stereo
- 10-Band grafiese vereffenaar
- Dubbele kassetdekspeeler met hoëspoed duplisering
- 1 druk opname – sagte uitskiet – auto stop
- Staander opsioneel ekstra

**62<sup>00</sup>** x 24

DEPOSITO: 120,00  
KONTANT: 999,95

*Sensasionele Aanbod!*



### APOLLO DUBBELDEK RADIO/KASSET

- FM/MG – FM stereo • 3-Band grafiese vereffenaar • Dubbele kassetdek met hoëspoed oor-klanking, deurlopende spel en sagte uitskietaksie
- Battery/Krag

**ALLES VIR SLEGS...**

**299<sup>95</sup>** KONTANT  
DEPOSITO: 40,00  
MAANDELIKS: 18,60 x 24



*Onthou...*

*U inruiling kan gelykstaande wees aan u deposito!*

# IT'S ANCHORS AWAY AT WALVIS BAY

By Lt Etienne Garnett-Bennett

IT was anchors away for the Naval Base Walvis Bay after nearly two decades in "the last outpost", as it was affectionately known among sailors.


At a farewell parade in the town recently, R Adm Lambert Woodburne said the rationalisation and restructuring of the navy and the disbanding of the Marine Corps necessitated the closure of the naval base in Walvis Bay and bases elsewhere in the RSA. "We must not dwell in the past. Be positive and look ahead to make the new Navy work," he said. The Officer Commanding of the Naval Base, Cdr Brian Rynhoud, handed over a telescope as symbol of the resignation of his post. This telescope was, however, handed back to him as a token of appreciation.

The Naval Base at Walvis Bay has a proud record of service to the community. Paging through the unit scrap book, one is amazed at the multitude of activities this unit had endeavoured. This included reconnaissance work, the monitoring of foreign fishing vessels, coastal patrols and the protection of the harbour.

In 1987 the biggest exercise in Naval history was held off the Walvis Bay enclave. The aim of Exercise **MAGERSFONTEIN** was to assess the Navy's capability to maintain ships and equipment in a harbour far away from their permanent bases. Walvis Bay is the furthest SA port from Simon's Town and Durban and was therefore ideally suited for this exercise. The replenishment vessel **SAS TAFELBERG** played the role of logistic supply ship for the strike craft, submarines and minesweepers taking part in the exercise.

The Marines joined forces with elements from other Arms of the Service during **MAGERSFONTEIN** in an amphibious mock-attack on the enclave. The exercise was a great success and a demonstration of the navy's operational ability even far from its home ports.

The naval base itself was established in 1974 in the building of the then Sea Fisheries Institute just next to the dry-dock. Living quarters, two messes and workshop facilities were added later. At its closure the base boasted



*The Navy parade in Walvis Bay which marked its departure from the town recently. - (Photo: Lt Alex de Velasco)*

several fine buildings and luscious gardens here on the fringe of the desert. This complex is now to become the home of the Walvis Bay Military Area. According to Cdr Rynhoud the Navy will, however, still be represented in Walvis Bay and will be able to deploy to Walvis Bay again at very short notice.

The community of Walvis Bay will surely miss the Naval presence in their town. apart from the protection of their port and the precious fish resources of the South Atlantic, the Navy was well-renowned for its contribution to the social life of the community, which included several open days, the annual spring ball and frequent visits by the Navy band.

As a final treat the 45 children in the enclave were given a farewell party recently. ✪

*A view from the pier at Naval Base Walvis Bay.*



**Money  
saved  
invested  
in  
peace**

**By Colin Kennedy**

AS the bugle sounded the call "Sunset", the flags were lowered for the last time during the closing down parade of Naval Command East in Durban recently.

Speaking at the parade, the Chief of the Navy, V Adm Dries Putter, said that the closing down of the Command would save money which could be invested in the peace process. This would be one of the South African Navy's contributions to the new South Africa.

V Adm Putter attended the parade to accept Naval Command East's Symbol of Office back from the acting Flag Officer Commanding the Command, Cdre Peter Fougstedt.

Naval Command East was first formed on 26 February 1986 under the command of the then Cdre Paul Wijnberg, who retired a rear-admiral in December last year.

Naval Command East's duties included both land and sea responsibility; cooperating with various Army Commands in the landward side of its duties, and was responsible for the conduct and coordination of maritime operations.

Achievements of Naval Command East include the launching of the largest vessel ever built in South Africa, the SAS DRAKENSBERG. Naval Command East was awarded the Sword of Peace in 1986.

Also attending the closing down parade was the Master at Arms of the navy, WO1 Bill Borchers. ★

# Opoffering in belang van nuwe Suid-Afrika

**Deur Daan Mostert**

**Foto: Bmn Ivan Atkins**

**V**LOOTKOMMANDEMENT WES en SAS SONNEBLUM by Silwermy n het onlangs op 'n kleurrike seremonie formeel ontbind.

Die funksies van die kommandement wat in 1986 gestig is en die gebied vanaf Knysna tot Walvisbaai beslaan het, sal nou grotendeels deur die Vloot-hoofkwartier in Pretoria behartig word. Oorblywende lede van die kommandement sal ook by die Aanvalsflottielje in Durban en in Simonstad aangewend word.

Tydens die afsluitingsparade by Silwermy n het die Hoof van die Vloot, v adm Dries Putter, sy waardering uitgespreek vir die kommandement se prestasies wat "nasionale en internasionale erkenning geniet het".

Volgens hom was die onlangse rasionalisasie noodsaaklik om te verseker dat die Vloot steeds oor 'n sterk operasionele vermoë beskik. Hy het die hoop uitgespreek dat die agterblywende lede van die Vloot met oortuiging, oorgawe en lojaliteit sal dien, omdat dit 'n belegging in die Vloot van die toekoms sal wees.


Die vlagoffisier in bevel van Vlootkommandement Wes en aangewese

Hoof van die Vloot, s adm Lambert Woodburne, het prestasies uitgesonder soos die modernisering van die duikboot die SAS EMILY HOBHOUSE, die verbetering van die verdedigingsvermoë van die aanvalsvaartuie en oefening MAGERSFONTEIN, wat voor verlede jaar by Walvisbaai uitgevoer is.

Volgens hom is die ontbinding van die kommandement en die aflegging van vroeë aftrede van sowat duisend lede van die kommandement hul opoffering in belang van die nuwe Suid-Afrika.

Die bevelvoerder van die SAS SONNEBLUM, kdr Peter Brown, het gesê hy is met gemengde gevoelens en hartseer vervul omdat die eenheid ontbind, maar het tog begrip vir die moeilike en ontstellende besluit wat dit voorafgegaan het. ★

*Kdr Peter Brown (regs), bevelvoerder van die SAS SONNEBLUM, oorhandig hier die eenheidswaapen aan die bevelvoerder van die Fort Wynyard-museum, kdr Mac Bisset, tydens die parade waarop die SAS SONNEBLUM en Vlootkommandement Wes formeel ontbind is.*





# 'Hoogte' moet nes 'n blomtuin lyk

Deur It Lientjie Barnard  
Foto: Nicky de Blois

**A**L moet ek water met die hand aandra, gáán ek nog my ideaal verwesenlik om Voortrekkerhoogte soos 'n blomtuin te laat lyk," sê 'n op en wakker sers Gerda van der Merwe, Afdelingshoof Tuinbou by 1 Militêre Dorpsbestuur.

Haar en haar tuinbou-span se primêre taak is om die militêre gebied van Kmdmt Noord-Transvaal te verfraai. Hierdie enorme en nimmer-eindigende taak sluit onder meer die treinspore, skietbane, oop gebiede, sypaadjies en tuine in Kmdmt Noord-Transvaal-gebied in.

Sers Van der Merwe vertel: "My werk is my trots. Ek voel ek doen iets vir mense. Ek dien 'n doel. Ek maak dinge vir hulle mooi."

Juis omdat sers Van der Merwe die militêre gebied aantreklik vir die oog wil maak, het sy in September 1989 met 'n kwekery begin. Die doel van die kwekery is juis om so veel moontlik self plante te voorsien vir die groot gebied wat onder haar sorg en toesig val. Die plante in haar kwekery kos haar bykans niks om aan te skaf nie – die meeste plante word gratis van ander mense aan haar verskaf. Verder kweek sy plante van steggies en sy oes sade.

Die tuinbou-span bestaan uit 18 tuiniers en agt wat gras sny. Verder het hulle onder meer twee trekkers, 16 grassnyers en agt randsnyers vir die nimmereindigende taak. Van Maandae vroeg tot Vrydae laat is die grassny-span pal besig om gras te sny. 'n Vaste grassny-patroon word gevolg omdat dit die opvolgwerk vergemaklik.

Sers Van der Merwe vertel dat sy en haar werkers baie goed saamwerk: "Ek leer hulle om eerder méér tyd aan 'n spesifieke taak te spandeer, en dit dan góód te doen. En hulle doen dit." Vir haar is daar 'n verskil tussen netjies werk en sommer net die werk doen. Daarom het sers Van der Merwe al telkemale sy aan sy saam met haar span gewerk om hulle touwys te maak. Sy is trots op die feit dat haar werkers haar ten volle ondersteun.

Op die lang agenda van werk wat hierdie jaar gedoen moet word, word beplan om eers al die gebiede skoon en netjies te maak – dit sluit die ingange en die sypaadjies in. As 'n gebied eers netjies is, is instandhouding makliker, en dan kan daar begin word met verfraaiing.

"Elke terrein in Kmdt Noord-Transvaal kán mooi gemaak word; nie net die dele waar besoekers kom nie," beduie sers Van der Merwe geesdriftig verder. 'n Verdere doring in die vlees vir haar is die oop terreine: "Daar is baie oop terreine, en baie daarvan is tans net 'n vermorsing van plek. 'n Mens kan dit bruikbaar aanwend vir 'n spesifieke doel. Daarom gaan ek en my span hierdie winter al die oop terreine wat ongelyk is, gelyk maak, en gras bo-oor plant. Dit is die eerste stap om iets daadwerkliks aan die oop terreine te doen."

Die SAWI-Kmdmt Noord-Transvaal-Tuinboukompetisies wat twee maal per jaar aangebied word, is ook een van sers Van der Merwe se idees. Volgens haar motiveer die tuinbou-kompetisies die mense werklik om hül deel in die tuine te doen. Sy doen self die eerste fase van die tuinbou-inspeksies. Die laaste fase word deur siviele tuinboukundiges gedoen. Vroegoggend sal sy reeds in die somer besig wees om inspeksie te hou, en in die winter hou sy gedurende naweke inspeksie. Sy reël ook elke jaar die funksies vir die tuinbou-kompetisies.

In die algemeen doen sy inspeksie van huistuine in die militêre gebied. Indien die tuine slordig is, het sy die reg om die inwoners daarvoor aan te spreek. Persoonlike belangstelling van haar kant af laat hulle beseft dat sy werklik belangstel.

As gevolg hiervan het mense dan die vrymoedigheid om te sê: Ek het 'n probleem betreffende tuinmaak. Kan jy dalk help? "Daardie kontak wat jy met mense het, is belangrik. Baie mense sê: Ek stel nie



**Sers Gerda van der Merwe, Afdelingshoof Tuinbou by 1 Militêre Dorpsbestuur: "My werk is my trots. Ek voel ek doen iets vir mense. Ek dien 'n doel. Ek maak dinge vir hulle mooi."**

belang in tuinmaak nie. Maar dit is basies sy plig – hy móét sy tuin ontwikkel. Hy kan nie net 'n grasperk hê nie dit is nie vooruitgang en ontwikkeling nie."

Voordat sers Van der Merwe haar in November 1986 by die Staande Mag aangesluit het, was sy 'n onderwyseres. Direk ná haar basiese opleiding het sy by 1 Militêre Dorpsbestuur begin werk waar sy aangesê is om die militêre dorpsraad te stig. Tans is sy nog steeds sekretaresse by dié dorpsraad. Sy het drie dogters wat al drie reeds uit die huis is.

Haar lewensfilosofie is: "Ek glo 'n mens moet absoluut opreg wees. Jy moet seker wees van jou standpunt. Dit is belangrik om eerlik en opreg te wees, met jouself ook. En dit wat jy doen, moet jy goed doen."

Op pad terug deur Voortrekkerhoogte dink ek: Sterkte, sers Gerda! Ek is seker jy sal nog jou droom verwesenlik – om voor jou aftrede die militêre gebied soos 'n blomtuin te laat lyk!

# Daar's 'n Stoney om elke draai!

Deur Anton van Zyl

'n **P**AAR jaar gelede was daar net een sersant-majoor "Stoney" Steenkamp in Pretoria. Vandag is daar drie. Om sake te vererger, het twee van hulle presies dieselfde name. Dié twee werk ook in dieselfde gebou in dieselfde afdeling. Natuurlik dra al drie die swart baret van die Tegnieise Dienskorps.

A01 Johan David Steenkamp het hom in Desember 1964 by die Weermag aangesluit. Ná sy aanvanklike opleiding begin hy in Junie 1966 werk as

instrukteur vir outo-elektrisiëns by die Tegnieise Diens Opleidingsentrum in Voortrekkerhoogte. Hy het drie jaar van sy Weermagloopbaan hier deurgebring voordat hy in Maart 1969 verplaas is na die Direkoraat Leërvoorsiening. Hierdie skuif het hy nooit betreur nie en tot en met sy aftrede in Mei vanjaar was hy werksaam in dié afdeling wat tans bekend staan as die Direkoraat Logistieke Steun.

In Pa se voetspore volg daar gewoonlik 'n paar seuns. In hierdie geval was dit geen uitsondering nie. Uit die vier seuns wat hy en sy vrou deur die jare ryker geword het, het twee besluit om ook 'n loopbaan in die Weermag te volg.

Gerhardus Johan Steenkamp het hom in 1975 by die Tegnieise Diens Opleidingsentrum aangesluit en hy is 'n jaar later gevolg deur sy broer, Johan David Steenkamp (Dawie). Albei het vinnig gevorder in die rangstrukture en op 30-jarige ouderdom het Dawie seker een van die jongste adjudant-offisiere in die Tegnieise Dienskorps geword.

Dawie is in 1981 verplaas na die Direkoraat Leërvoorsiening en het by die kodifikasie-afdeling begin werk – dieselfde afdeling waar sy pa werksaam was. Dit het natuurlik glad nie daartoe bygedra om die verwarring te verminder nie!

Gelukkig vir die mense wat saam met hulle werk, het die ander broer nie ook besluit om hom by hulle aan te sluit nie. Hy is steeds werksaam by die Teg-



**A01 "Stoney" Steenkamp (sittende) met sy twee seuns agter hom. Hulle is van links A02 Dawie Steenkamp en A02 Gerhard Steenkamp. – (Foto: Lt Alex de Velasco)**

niese Diens Opleidingsentrum. Hy is egter nie alleen daar nie. Daar is nog twee ander sersant majoors met die van Steenkamp om hom geselskap te hou . . . ✪

## NEW OC FOR WATERKLOOF

By Andrew Bolton



**O**N 23 April 1990, Maj Gen G.J. Coetzee formally handed over Command of Air Force Base Waterkloof to his successor, Brig P.D. de Wet.

Brig De Wet has had a distinguished military career since he joined the Air Force in 1960. In 1962 he began his career as an officer and a flying instructor at Central Flying School, Dunnottar. In 1971 he became OC of 4 Squadron (Impalas) and since then his rapid rise through the ranks culminated in his appointment in 1988 as Director Opera-

**Chatting informally, Maj Gen Coetzee (left) recently handed over Command of Air Force Base Waterkloof to his successor, Brig P.D. de Wet. – (Photo: Nickey de Blois)**

tions at Air Force Headquarters.

In his farewell speech, Maj Gen Coetzee thanked his staff for the enthusiastic support that they had given him throughout the five years he had been in office. To conclude his speech, Maj Gen Coetzee quoted a renowned strategist, Clausewitz, who formulated that "Peace is war pursued by other means", and said that he would like to reformulate it as far as it applies to a Defence Force as, "Peace is the pursuance of new approaches and thinking to prepare for the next war".

After the handing over of command, Brig De Wet took the General Salute in his new capacity as Officer Commanding Air Force Base Waterkloof, the largest Air Force base in South Africa. ✪

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Historical Papers Research Archive*

*Location:- Johannesburg*

©2013

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.